

Geliefde Lourensrivierder

Het jy ook partykeer vrae vir die Here en wonder jy ook partykeer “hoekom”?.....

Oorkant die straat van die kerkkantoor woon 'n pragtige gesin met die “cuteste” klein seuntjie wat gereeld by my kom kuier. Sy naam is Ruan en hy het baie slim stories. Sy ouer boetie, Albert het altyd lekkergoed aan my en Annalie kom verkoop vir sakgeld en nou het Ruan die kuier-tradisie voortgesit.

Sy skaduwee se naam is Alida... Waar Ruan is, is Lida en waar Lida is, is Ruan en ek het oor die jare 'n vriendin gemaak omdat die Skaduwee moet saamkom as Ruan wil kom hallo sê, stories maak, klippies bring of kom veertjies vra. So bring Ruan Dinsdag sy ou karretjies, trokke en waens vir die maatjies wat nie speelgoed het nie en ek en my vriendin Lida gesels sommer oor kerk, stem, die wêreld, reg en geregtigheid....

Sy sê: “Mevrou, Maandag stap en werk ek so en vra vir die Here hoekom is daar nie geregtigheid op ons ou aarde nie? En die Here gee my 'n skrif om te gaan lees... Habakuk 1 (lees maar sommer die hele Habakuk).... En daar kry ek my antwoord... daar sal nie geregtigheid op die aarde wees nie, omdat die Here so gesê het...”

Les 1: Die Here het al die antwoorde

Les 2: Sy Woord is waar, lewend en relevant

Les 3: Luister maar net na die Here se stem

Les 4: Dié wat seek sal vind

Les 5: Die Here praat met ons op doodeenvoudige maniere en deur enige iemand wat vir Hom 'n werktuig wil wees♪

Dankie Lida, ek leer by jou... (ek noem haar Liedjie, omdat sy altyd lag, maar Ruan sê nee, sy is nie 'n liedjie nie, haar naam is Alida 😊)



NUUSKRUMMELS: 9 Mei 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:



HERINNERING: Ds Petrie sal vanaf 13-17 Mei by die Sinodesitting in Goudini wees.



DINAMIET KIEDZ: Gaan loer gerus op ons FB Blad, daar is nuwe foto's en videos van jul kindertjies opgelaaï♪

LIFE LINE YOUTH

MINUTE TO WIN IT

12 Mei 2019
Lifeline Youth
17:30 @Lourensrivier
Gemeente
#every.second.counts





AANBIDDINGSBEDIENING:

Die momentum van 24/7 gebed in die land is aan die rol! Ons dank ons Almagtige Vader, dat ons deel kan wees van 33 plaaslike netwerke wat geregistreer is en deelneem aan die 7 Dae 7 Weke van Gebed!

Ons besef nie altyd watter impak gebed op ons land en omgewing het nie. Daarom is dit so belangrik om mense te mobiliseer om te bid en te volhard in gebed soos ons in Kol. 4: 2 lees. "Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar"

Hierdie keer wil ons vroegtydig werk maak daarvan om ons Gebedsmuur vol te kry, sodat ons volwaardig die muur sal "volstaan" in gebed. Ons derde week van die 7 weke is 2-9 Junie.

Lourensrivier Gemeente het die geleentheid om op die Woensdag, 5 Junie weer saam te bid.

Kontak asb vir Joubert van Tonder indien jy betrokke wil wees. Stuur jou naam en tel vir hom na 0829492045

TRANSKEI TERUGVOER:

Dit is reeds meer as 10 jaar sedert ons Sinethemba op 8 November 2008 geopen het.

Met verloop van tyd het die matrasse, beddegoed en gordyne oud en verweer geraak. Die draad omheining het gebrand met die jaarlikse winter brande en baie van die krane en deurslotte is gebreek. Met ons besoek verlede week is daar finaal besluit dat ons dadelik iets moet doen om hulle te help om 'n aantal dinge te vervang en te herstel.

Nadat 'n inventaris opgestel is van wat alles vervang moet word en kwotasies by verskillende besighede gekry is, moet ons dringend begin om fondse in te samel om alles aan te koop sodat ons teen die einde van Junie vanjaar kan teruggaan en gaan help om alles weer op standaard te kry en te vervang wat vervang moet word. Ons besef dat die tyd min is, maar as dit die wil van die Here is dat die dinge vervang en herstel moet word, glo ons dat niks by die Here onmoontlik is nie en dat die fondse betyds ingesamel sal word..

Eerstens wil ons elke ondersteuner vra om saam met ons te bid dat ons so vinnig moontlik die fondse insamel en tweedens wil ons vrymoedigheid neem om te vra of die ondersteuners van Decoligny en Sinethemba nie sal help om fondse by te dra om hierdie groot projek te laat slaag nie. Ons het 'n bedrag van R70,000.00 nodig om alles aan te koop: gordyne, duvets, duvet oortreksels en kussing, sowel as matrasse. Dan is daar ook nog draad, krane, deure en kaste wat herstel moet word.

Indien u wil bydra tot hierdie herstel projek van Sinethemba, vra ons dat die fondse in die volgende rekening inbetaal word:

NAAM: VGDDECOLIGNY SALARISFONDS
BANK: ABSA
TAK: STRAND 334-218
NOMMER: 4060646513
VERWYSING: Sinethemba 2019

Ons dank u by voorbaat.
Groete in Christus, Willem Botes (083 658 2154)



NUUS UIT ANDER KERK-OORDE



STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

DANKFEESBASAAR

NG Gemeente Strand-Noord hou op Vrydag 10 Mei 2019 hul jaarlikse dankfeesbasaar.

Vanaf 15:30 tot laat sal heerlike tuisgebak, basaarpoeding, pannekoek en al die tradisionele basaargunsteling beskikbaar wees. Ook plaasvars groente en vrugte. Kaartjies vir bobotie-en-rys, hamburgers, tjops, hoendersosaties en boereworsrol kan vooraf by die kerkkantoor gekoop word. Kom koop en geniet en deel in die vreugde. By voorbaat dankie vir u ondersteuning.

Kontak: Ronelle de Graaf (021 853 7223)

NGK SOMERSET-WES

Ons gemeente vier vanjaar ons 200-jarige bestaan en as deel van die feesvieringe word daar verskeie konserte in ons kerk aangebied.

Die volgende konsert vind plaas op Sondagmiddag, 19/5/2019 om 16:30: Kaartjies by die deur of kerkkantoor 021 852 1787

Program sluit in: gewilde nommers soos: "Spanish eyes, Montagues and Capulets, Elsa's Procession to the Cathedral, Imperial March and much more!"



CAPE TOWN CONCERT BRASS

19 Mei, 16:30, R50

NUUS UIT GEMEENSKAP

Kom ondersteun asb Johan Laten se belangrike projek!



DEPRESSIE101

PRÁÁT OOR DEPRESSIE. DIS BEHANDELBAAR.

Die D101-projek fokus op die **bewusmaking** van depressie as 'n siekte en **hulpverlening** aan depressievegters en hulle ondersteuners.

The D101 project focuses on the **awareness** of depression as an illness and **giving support** to depression fighters and their supporters.

#puppet

die **eenmanvertoning** deur Johan Laten en bykomende inligting oor depressie en die projek word aangebied.

the **one man show** by Johan Laten and more information about depression and the project will be presented.

RSVP

16 MEI 2019 16 MAY 2019



Elke dag sterf 23 mense in Suid-Afrika weens selfdood. 230 se selfdoodpogings is onsuksesvol in Suid-Afrika. Elke dag. Die Wêreld Gesondheidsorganisasie voorspel depressie sal teen 2030 die grootste siekte wêreldwyd wees. Depressie tref geen onderskeid tussen geslag, ras, ouderdom of geloof nie. Daar is heel moontlik ook in jou skool leerders en opvoeders wat gebuk gaan onder die eise van die siekte en dringend ondersteuning nodig het.

23 Mei 2019

18:30 - 20:30

Kapel Chapel
Somerset Somerset
Kollege College

Bredell Pad Bredell Road
Somerset-Wes Somerset West

Ek is 37 jaar gelede met depressie gediagnoseer. Drie jaar gelede het ek die D101-bewusmakingsveldtog begin. Die toneelstuk, #puppet, is met groot sukses in Suid-Afrika en Namibië opgevoer – by skole, gemeentes, jeuggroepe en besighede, onder andere Cipla, Metropolitan en Neopak. Verlede jaar is my boek, Praat oor Depressie, deur Carpe Diem Media, uitgegee en op Kwêla aan die breër SA-gehoor bemark. Alle inligting wat ek van die verhoog af of in die boek deel, is deur die psigiater, prof Piet Oosthuizen, van Durbanville.

RSVP: Kliek op die skakel <https://forms.gle/rfyQMwQrTtTM1zgL8> OF stuur jou naam, van en aantal gaste na 084 850 1140 of johan@depressie.co.za. Jy is baie welkom om die uitnodiging aan ander te stuur.

ACORN KIDS AMBASSADEURS GESOEK!

Verdien 'n inkomste terwyl jy speel en lag!

Vir meer inligting, skakel my by

082 692 9086 of

lemaribkk@gmail.com

Jy kan ook aanlyn gaan besoek by

www.acornkids.com/LemariFourie

WERKSGELEENTHEID



Kom geniet 'n bederf-oggend saam met LiG. Bekende skrywer, Elsa Winckler, gesels oor die liefde en die lewe. Rudi Swanepoel gesels oor eet: herinneringe gemeng met die teologie van saamwees om 'n tafel. Vivian Kleynhans, 'n wynmaker uit baie moeilike omstandighede, deel haar lewensverhaal.

Saterdag, 1 Junie 2019 | 9:00 – 13:00

Kronenburg, Paarl | R390 per persoon

Kliek hier of gaan na Google en tik skakel in om jou kaartjies te

bespreek: <https://tickets.tixsa.co.za/event/lig-lesersdag/listing>

VIR ALLE MAMMAS OP SONDAG:

Mag Moedersdag families en gesinne Sondag saamsnoer en mamas en pappas herinner waarom die Here ons as ouers gemaak het.



KNIEWERK

- ✦ Paul Louw (kankerbehandeling)
- ✦ Bid vir gesinne en huwelike
- ✦ Dankie Here vir gesinne waar daar Moederliefde is en die gom is wat alles en almal bymekaar hou

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 12 MEI SE BOODSKAP: HAND 9:36-43 (VIERDE WEEK IN PAASTYD asook Goeie Herdersondag)

In Handeling 9 lees ons die verhaal van Tabita wat deur Petrus uit die dood opgewek word en sien ons iets van die opstandingskrag wat Christus uit die dood opgewek het wat nou ook deur Petrus werk. In die getuienis oor Tabita se lewe beleef ons iets van God wat as Herder ook deur sy dissipels ander mense versorg. Tabita, wat "wildsbokke" beteken laat mens aan 'n pragtige wildsbokkie dink omdat die dinge wat sy gedoen het so mooi was. Tabita se daad was so mooi soos die Here Jesus s'n. Ons lees in die Bybel hoe die Here omgee vir mense, ook vir mense wat dalk in ons oë nie so belangrik is nie. Hy was lief vir siekes, kindertjies en onbelangrike mense. Jesus vat aan siek mense, bid vir hulle, en genees hulle. Hy gee kos vir mense wat nie kos het nie. Die wat nie kan loop nie, word gesond gemaak, blindes se oë word genees.

Jesus se liefde is mooi. Daarom is mense wat Jesus se liefde verstaan, en self liefde betoon ook mooi. Tabita was so 'n mooi vrou. Sy was nie belangrik nie. Niemand sou haar kies vir die parlement, of op die TV met haar gesels oor die probleme van die land nie. Sy was 'n gewone, onbelangrike mens, maar Tabita was mooi, want sy het die mense rondom haar gehelp. Weduwees, wat niemand gehad het om hulle te versorg nie, het klere by Tabita gekry. Sy was altyd besig om goed te doen. Tabita, die wildsbokkie, was binne-in haar hart mooi. Dit is die mooiste mooi wat daar is.

Petrus het 'n ongelooflike ding hier gedoen (net soos Jesus 'n dooie mens opgewek in God se naam), maar Petrus weet dis nie sy vermoë wat die dood oorwin het nie. Dan gaan bly hy ook by Simon die leerlooier. Die uitgestotene van die dorp. Die onrein man wat met dooie diere werk! Hierdie laaste feit is betekenisvol. Leerlooier het by die Jode tot een van die veragte beroepe behoort. Dit was so, omdat 'n mens in die beroep verplig was om die dooie liggaam van diere aan te raak en sodoende onrein geword het (Lev 11:39). 'n Leerlooier se huis of werkplek moes daarom op die buitewyke van die dorp wees as gevolg van die stank wat met die leerwerk gepaard gegaan het. Dit is heel moontlik waarom Simon se huis by die see was (10:6). Petrus bly by so iemand oor. Dit was waarskynlik sy eerste tree op die pad om later saam met heidene te eet. Aangesien die leerlooiers deur die Grieke en Jode verag is, getuig hierdie optrede van Petrus reeds van die vryer

L523:3

Groot is sy geduld en liefde –
Jesus Christus, God en mens.
In ons wêreld Hy naasteliefde –
stuur ons na ons medemens.
Mense eensam, honger, naak,
dié kom Hy ons naastes maak.

opvattinge wat hy gehuldig het teenoor sy volksgenote. Hiermee begin hy hom reeds van die vooroordele van sy volksgenote losmaak. Sy verblyf by Simon berei hom voor vir sy ontmoeting met Kornelius in hoofstuk 10. Daarvandaan doen Petrus nou God se werk. God is op pad met Sy groot sending en met een van Sy groot apostels – en die pad loop deur die huis van die wildsbokkie en die leerlooier! So werk God – en so mag ons nooit die geringstes verby gaan nie. So mag ek ook nooit dink my stinkende huis is nie goed genoeg nie. Dalk moet die apostel daar kom oorbly.

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE